Laerskool Villieria

100 JAAR
1903 - 2003
LOOP WAKKER

Telefoon: 012 331 1100
E-pos: villiesskool@icon.co.za
Webwerf: www.laerskoolvillieria.co.za

Ben Swartstraat 1032
Villieria
Pretoria
0186

31 Oktober 2025

Geagte ouers/voogde

# NUUSBRIEF 37/2025

**Amptelike verwelkoming: Meneer Jaco Grobler as nuwe hoof van Laerskool Villieria**

Met groot trots en waardering verwelkom ons meneer Jaco Grobler as die nuwe hoof van Laerskool Villieria. Alhoewel meneer Grobler die afgelope jaar reeds met toewyding as waarnemende hoof opgetree het, begin hy amptelik op 1 November 2025 in sy nuwe rol.

Meneer Grobler se verbintenis met Laerskool Villieria strek oor baie jare. Hy het sy loopbaan by die skool reeds op 1 Januarie 1994 begin en het deur die jare ’n merkwaardige bydrae gelewer, nie net in die klaskamer nie, maar ook as leier in die skoolgemeenskap. Hy beskik oor verskeie kwalifikasies, onder andere ’n Hoëronderwysdiploma, B-Ed Hons in Onderwysreg en -bestuur, en ’n BA in Opvoedkunde. Hy het ook ’n Bestuurskursus in Beleid en Bestuur voltooi. Sy ondervinding en kundigheid lê ’n stewige grondslag vir die pad vorentoe.

In sy loopbaan het meneer Grobler reeds belangrike rolle in verskeie komitees vervul, en sy toewyding en leierskap is deurgaans sigbaar. In 1999 is hy as departementshoof aangestel, en in 2015 as adjunkhoof – posisies waarin hy oor jare heen getoon het dat hy met wysheid, empatie en vasberadenheid leiding neem.

Om ’n skoolhoof te wees is egter nie net ’n eer nie, maar ook ’n groot verantwoordelikheid. Dit vereis om ’n balans te handhaaf tussen die behoeftes van ouers, leerders en personeel, terwyl daar ook aan alle departementele vereistes en wetgewing voldoen moet word. Ons het volle vertroue dat meneer Grobler hierdie uitdagende rol met sy kenmerkende deeglikheid en oortuiging sal aanpak.

Ons sê opreg dankie vir die vertroue en ondersteuning wat ouers reeds aan meneer Grobler toon, en vra dat hierdie ondersteuning sal voortduur in die nuwe hoofstuk van ons skool se geskiedenis. Saam kan ons voortbou aan die sterk waardes en trots van Laerskool Villieria.

Welkom, meneer Grobler – ons sien uit na die toekoms onder u leiding!

Vriendelike groete

Valentyn van der Merwe
Beheerliggaamvoorsitter

**NUWE-/BELANGRIKE BOODSKAPPE**

**ADMIN- EN FINANSIËLE KANTOOR**

Ons admin- en finansiële kantoor sal Maandag, 3 November 2025 (10:30 – 12:30) gesluit wees vir bywoning van ‘n begrafnis. Ontvangs sal wel beskikbaar wees vir oproepe en navrae.

**INHULDIGING *(VERRASSING VIR MENEER GROBLER)***

As skool beplan ons ‘n inhuldigingsgeleentheid *(wat ‘n verrassing is vir meneer Grobler)* saam met die personeel en leerders Maandagoggend, 3 November 2025 vir meneer Grobler se amptelike aanstelling as skoolhoof van Laerskool Villieria vanaf 1 November 2025.
Ons vra dat elke graad R- tot 7-leerder Maandag, 3 November 2025 met Villiesdrag skool toe kom. Alle skoolleiers trek hul gewone skoolklere aan.
Dit is wel ‘n normale akademiese skooldag en alle skoolreëls geld steeds.

**AANSOEKVORMS (2026)**

- **Graad R- en 1**
  Aansoekvorms is reeds by ons kantoor en op ons webblad beskikbaar.

- **Graad 2- tot 7**
  Aansoekvorms is by ons kantoor beskikbaar. Die vorms sal eersdaags op ons webblad beskikbaar wees.

- **Naskool**
  Aansoekvorms sal binne die volgende week beskikbaar wees by ons kantoor, asook op ons webblad.

Indien u aansoek doen vir enige van die bogenoemde vir 2026, maak seker u handig 2026 se Aansoekvorms in en nie 2025 nie. Ons kan ongelukkig nie 2025 se Aansoekvorms aanvaar vir 2026 nie.

**SATERDAG, 1 NOVEMBER 2025**

- **Graad R tot 7 (2026) – Skoolklere pasdag (Villies KlereHub)**
  Villies KlereHub bied ‘n pasdag aan waar u kind(ers) hul skoolklere en Villiesdrag vir volgende jaar kan kom aanpas en u ‘n bestelling plaas teen 2025 se pryse. (Graad R-leerders van 2026 koop wel net Villiesdrag en nie skoolklere nie). Enige bestelling of aankope in 2026, gaan die 10% verhoging betaal vir die nuwe pryse wat volgende jaar in werking tree.
  As u nou bestel, sal u die voorraad ontvang voor jaareinde. U betaal wanneer u die voorraad ontvang. U kan wel nie nou bestel en eers volgende jaar betaal nie. Dan gaan u ongelukkig 2026 se nuwe pryse moet betaal.

  ❖ **Inligting vir die pasdag is as volg:**
  - ✓ Datum: Saterdag, 1 November 2025
  - ✓ Tyd: 8:00 – 13:00
  - ✓ Plek: Laerskool Villieria (Villies KlereHub)
  - ✓ Ingang en parkering: Motorhek in 30ste Laan. Parkering op grasperk in 30ste Laan.

  Indien u nie bogenoemde datum kan bywoon nie, kan u steeds die KlereHub besoek tydens die normale ure 7:00 – 9:00 (Maandae – Vrydae).

- **Tweedehandse skoolklere**
  Soos per e-pos vroeër die week aan elke ouer/voog van huidige graad R- tot 6-leerders, sal daar ook tweedehandse skoolklere te koop wees. Beperkte voorraad, daarom "1st come, 1st serve." Die tweedehandse skoolklere sal beskikbaar wees in juffrou Swart se klaskamer (Klasno. 29). Betalings by mevrou Ida Roodt in die finansiële kantoor.

- **Graad R- tot 3-skryfbehoeftepakkette (2026)**
  Skryfbehoeftepakkette van 2026 vir graad R- tot 3-leerders sal terselfdertyd beskikbaar wees vir aankope. Die pakkette bevat al die skryfbehoeftes wat u kind vir die jaar gaan nodig hê. Skryfbehoeftelyste is ongelukkig nie beskikbaar vir graad R- tot 3-leerders nie.

  ❖ Pryse vir die skryfbehoeftepakkette:
  ✓ Graad R R500
  ✓ Graad 1 R500
  ✓ Graad 2 R350
  ✓ Graad 3 R450

  ❖ Inligting vir die aankoop van die skryfbehoeftepakkette is as volg:
  ✓ Datum: Saterdag, 1 November 2025
  ✓ Tyd: 8:00 – 13:00
  ✓ Plek: Laerskool Villieria skoolkantoor
  ✓ Ingang en parkering: Motorhek in 30ste Laan. Parkering op grasperk in 30ste Laan.

  Indien u nie bogenoemde datum kan bywoon nie, kan u steeds die skoolkantoor besoek Maandae – Vrydae.
  *Neem wel kennis van die tye vir aankope gedurende die week by die skoolkantoor. Ons vra vriendelik dat u slegs by ondergenoemde tye hou wat skryfbehoefte-aankope betref.*
  ✓ Maandae tot Donderdae 07:00 – 09:00
  13:00 – 14:00
  ✓ Vrydae 07:00 – 09:00

*Let wel: Graad 4- tot 7-skryfbehoeftelyste sal op 'n latere stadium op ons webblad beskikbaar wees.*

- **Graad R (Bak-en-Brou)**
  Bak-en-Brou gelde (R400) vir graad R (2026) kan ook betaal word op hierdie dag.

**AKADEMIE**

- **Assessering (Graad R – 3)**
  Dit is baie belangrik dat u kind elke dag by die skool is aangesien assessering deurgans gedoen word met die leerders. U kind se rapportpunt hang gedeeltelik af van sy/haar assesserings-uitslae.

- **Graad 4 – 6 (Vrydag, 7 November 2025)**
  Vrydag, 7 November 2025 word geen vraestel geskryf nie. Alle graad 4- tot 6-leerders mag op hierdie dag tuis bly aangesien baie van ons personeel by die Camino van die graad 7-leerders betrokke is. Leerders wat wel tuis bly, moet asseblief die tyd gebruik om te leer en voor te berei vir die res van die eksamen. Bly asseblief uit die strate.
  Graad 4- tot 6-leerders wat nie tuis kan bly nie, kom steeds skool toe. Toesig sal in 'n klas vir hulle gereël word.
  Neem kennis: Leerders wat op hierdie dag tuis bly, word afwesig gemerk. Die leerders wat mik vir 100% skoolbesoek, moet op hierdie dag by die skool wees om nie afwesig gemerk te word nie.

- **<u>Graad 6- en 7-Kunsassessering</u>**
  Gedurende eksamen, word daar voortgegaan met assessering vir graad 6- en 7-leerders met hul Kuns. Dus moet die graad 6-leerders, saam met die graad 7-leerders wat wel by die skool is vir hul Wiskunde vraestel, ook by die skool wees op Donderdag, 6 November 2025. Die afsnydatum vir die Kunsprojek is *Donderdag, 6 November 2025*.
  Indien 'n leerder nie van die ekstra tyd gebruik maak nie, sal daar ongelukkig nie verdere geleentheid gegee word nie.

- **<u>Eksamen (Graad 4 – 7)</u>**
  Alle leerders moet asseblief seker maak op die dae wat hulle skryf, om hul eie skryfbehoeftes saam te bring (blou pen, potlood, liniaal, uitveër, ens).

  Onderstaande is die formele toetsrooster van kwartaal 4 (2025).

| DATUM | GRAAD 4 – 6 | GRAAD 7 |
|---|---|---|
| Woensdag, 5 Nov. | Afr. | SW: Gesk. |
| Donderdag, 6 Nov. | GEEN | Wisk. 1 |
| Vrydag, 7 Nov. | GEEN | CAMINO |
| | | |
| Maandag, 10 Nov. | SW: Geo. | NW |
| Dinsdag, 11 Nov. | GEEN | Afr. |
| Woensdag, 12 Nov. | Eng. | Teg. |
| Donderdag, 13 Nov. | GEEN | Eng. |
| Vrydag, 14 Nov. | SW: Gesk. | Wisk. 2 |
| | | |
| Maandag, 17 Nov. | Wisk. | Vis. Kuns & Musiek |
| Dinsdag, 18 Nov. | GEEN | SW: Geo. |
| Woensdag, 19 Nov. | NW/Teg. | EBW |
| Donderdag, 20 Nov. | GEEN | GEEN |
| Vrydag, 21 Nov | PSW | Lewensoriëntering |

- **<u>Eksamenreëls</u>**
  - ✓ Neem asseblief kennis, op die dag wat u kind eksamen skryf, SLEGS 'n amptelike doktersbrief vir afwesighede aanvaar sal word.
  - ✓ Volgens die Departement van Onderwys se vereistes sal 'n punt van "**0**" gegee word indien reëls nie nagekom word nie.
  - ✓ Geen leerder word verskoon om vroeër huis toe te gaan nie.
  - ✓ Ouers móét die skool voor 8:00 in kennis stel indien 'n kind afwesig sal wees op die dag wat 'n eksamenvraestel geskryf moet word.
  - ✓ Leersessie: 7:30 – 8:45
  - ✓ Skryfsessie: 9:00 – 11:00
  - ✓ Skool verdaag: 13:00

**<u>LAERSKOOL VILLIERIA JAARAFSLUITING (HOENDER SPITBRAAI)</u>**
*Vrydag, 21 November 2025 vanaf 17:00.*
Kom sluit saam met ons die skooljaar feestelik af by Laerskool Villieria! Dit beloof om 'n heerlike kuier vol geselligheid en lekker kos te wees.
*Ons vier ook met trots die aanstelling van ons nuwe hoof, meneer Jaco Grobler – 'n spesiale oomblik in ons skool se geskiedenis wat ons graag saam met ons ouergemeenskap wil vier.*
NEEM KENNIS: DIE INHULDIGING SAAM MET DIE OUERGEMEENSKAP BY HIERDIE GELEENTHEID IS VIR MENEER GROBLER 'N VERRASSING.

Daar sal "free range" hoenders (tussen 1 kg – 1,3 kg elk) op die spit gebraai word teen R160 per hoender. Bring net u eie bykosse saam – slaaie, broodjies of iets soets vir nagereg, asook u eie eetgerei, kampstoele, ensovoorts. Kom geniet dit saam met die heerlike hoender en goeie geselskap.

Klik asseblief op die volgende skakel om u bestelling deur te gee
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSdkqUTtb3ZEjaltQgTE5CP8fTxtnj2JDs-nRZGsU-rewrgqgg/viewform?usp=publish-editor

Die laaste dag vir bestel en betaal is Vrydag, 14 November 2025 om 10:00. U betaal by ons finansiële kantoor per kaart of kontant. Ongelukkig word geen EFT-betalings aanvaar nie. Wanneer u kom betaal vir u hoender(s), sal u dan 'n kaartjie ontvang as bewys. U pas daardie kaartjie baie mooi op aangesien u die kaartjie op Vrydag, 21 November 2025 as bewys gaan inhandig vir u hoender.

**GRAAD 6-LEIERVERKIESING**

Maandag, 3 November 2025 vind die leierverkiesing vir 2026 plaas. Alle graad 6-leerders moet asseblief by die skool wees.

**FONDSINSAMELINGSPROJEK**

- **Blits (Firelighters)**
  Donderdag, 6 November 2025 sluit die Blitsprojek. Ons vra dat alle vorms teen dan sal terug wees by die skool. U kan vir oulaas groot gaan met die bestellings.
  Die volgende uitdeeldatum sal aan u gekommunikeer word.

**LAERSKOOL VILLIERIA ONDERSTEUNERSHEMP**

Met trots stel ons, ons nuwe *"Laerskool Villieria Ondersteunershemp."* aan u bekend.

U as Villies-ouer/-voog kan hierdie hemp vir uself aanskaf by ons Villies KlereHub teen R250 per hemp. Indien u belangstel, kan u per kaart- of kontantbetaling by ons finansiële kantoor betaal.
Groottes beskikbaar vanaf XS – XXXXL. Indien 'n groter hemp verlang word, kan ons dit vir u bestel.




**GRAAD 7-CAMINO 2025**

Ons is opgewonde om te kan deel dat daar weer vanjaar 'n Pelgrimstog vir die graad 7-leerders op Vrydag, 7 November 2025 sal plaasvind. U word hartlik uitgenooi om die Pelgrimstog saam met u graad 7-kind te kom stap. Neem asseblief kennis dat dit gedurende skooltyd sal plaasvind vanaf ongeveer 8:00 – 12:30.

- **Die ouers/voogde wat reeds aangedui het dat hul die Pelgrimstog saam met hul kinders gaan meemaak, moet van die volgende kennis neem:**
  - ✓ Ouers/voogde sal moontlik 'n rukkie op die pawiljoen moet sit aangesien die leerders en hul ouers/voogde een vir een stap. Daarom sal die snoepie oorbaan (sportveld) oop sal wees vir koeldranke, water, koffie en snoepery.
  - ✓ Parkering sal op sportveld B beskikbaar wees (Ingang in 30ste Laan – sportveld).
  - ✓ Nadat u parkeer het, beweeg u na die pawiljoen waar u, u sitplek inneem en vir u kind wag.
  - ✓ Ons gaan die leerders vanaf 8:30 een vir een laat verdaag om die roete IN STILTE te stap.

- ✓ Bring asseblief ‘n hoed saam vir die son, of ‘n sambreel sou dit reën.
- ✓ Na afloop van die Pelgrimstog, is u welkom om u kind huis toe te neem (uitgang kerkhek by 30ste Laan), of u kan ‘n koffie geniet by die sirkels saam met u kind.
- ✓ Daar sal wel toesig wees tot en met 13:30 vir leerders wie nie kan huis toe gaan nie.
- ✓ Die leerders kom met Villiesdrag en slegs ‘n kleinerige rugsak met skryfbehoeftes, ‘n kosblik en hul Bybel skool toe.
- ✓ Die skool begin gewone tyd om 7:30.
- ✓ Die vier klasse word in twee sessies verdeel. Ouers/voogde, let asseblief op die tye wat u by die skool moet wees.

- ➢ **Tye:**
  - ✓ Sessie 1 (8:30 – 9:30)
    Graad 7V en 7I. Ouers/Voogde moet reeds om 8:15 by die pawiljoen aanmeld.
  - ✓ Sessie 2 (10:30 – 11:30)
    Graad 7L en 7E. Ouers/Voogde moet reeds om 10:15 by die pawiljoen aanmeld.

**OORPLASINGSKAARTE (Graad R – 6)**

Indien u tans ‘n kind in graad R tot 6 het wat einde van die jaar Laerskool Villieria gaan verlaat en nie terugkom in 2026 nie, vra ons dat u dringend ‘n e-pos stuur aan die skool waarin die volgende inligting verskyn – u kind(ers) se naam, van en graad, na watter skool u kind(ers) oorgeplaas word en die rede vir die oorplasing. Hierdie inligting moet op die oorplasingskaart verskyn wat u by die volgende skool moet inhandig. Die oorplasingskaarte word saam met die rapporte aan die kinders uitgedeel. Graad 7-ouers moet asseblief nie vir ons ‘n e-pos stuur vir die hoërskool nie.

**KULTUUR**

- **Koor**
  - ➢ Oefentye vir die komende week:
    - ✓ Geen oefening.
  - ➢ Optredes:
    - ✓ 31 Oktober 2025 Laerskool Totiusdal

- **Revue**
  - ➢ Oudisies *(Neem kennis van veranderings)*
    Weens baie groot navrae en opgewonde leerders vir die revue van 2026, gaan die oudisies as volg plaasvind in die skoolsaal:
    - ✓ Huidige graad 4- tot 6-leerders — Maandag, 3 November 2025 13:45 – 15:15; Woensdag, 5 November 2025 13:45 – 15:15

      Belangstellende leerders moet hul name by juffrou Roelandi Winters (graad R) gaan opgee teen Maandag, 3 November 2025. Leerders moet beide dae se oudisies bywoon.
    - ✓ Huidige graad R- tot 3-leerders — Maandag, 10 November 2025 13:45 – 15:15; Woensdag, 12 November 2025 13:45 – 15:15

      Belangstellende leerders moet hul name by juffrou Roelandi Winters (graad R) gaan opgee teen Maandag, 10 November 2025. Leerders moet beide dae se oudisies bywoon.

- **Talentaand**
  Oudisies is afgehandel en leerders wat deur is om deel te neem aan ons Talentaand op Donderdag, 27 November 2025, se name sal Maandag, 3 November 2025 op wees by juffrou Roelandi Winters se klas. Verdere reëlings sal in ‘n skrywe aan leerders gegee word.

- **ATKV-Redenaars (2026)**
  Die ATKV-redenaarstemas vir 2026 is bekend gemaak.  Hierdie temas sal ook gebruik word vir die leerders se klaspraatjies volgende jaar.  Volledige inligting sal later volg.

| **Graad 1 – 3** | **Graad 4 en 5** | **Graad 6 en 7** |
|---|---|---|
| ✓ Huis | Koers | Kies |
| ✓ Pleister | Kriewel | Pronk |
| ✓ Geraas | Sout | Rebelleer |

**SPORT**

- **Rugby**
  - **7's (o/11- en o/12-seuns)**
    - Toernooie:
      - ✓ 01 November 2025 — Anton van Wouw — o/11 en o/12

  - **o/9-Oorbrugging (2026)**
    Alle belangstellende o/8-seuns wat 2026 wil rugby speel, word hartlik uitgenooi na die oorbruggingsoefeninge.
    Tydens die oorbrugging word daar gefokus op hantering en kontakvertrouheid.  Geen formele spanne word nou gekies nie.

    - Oefentye vir die komende week:
      - ✓ Dinsdag — 14:00 – 15:00
      - ✓ Donderdag — 14:00 – 15:00

    - Opkomende toernooie:
      - ✓ 8 November 2025 — Laerskool Tygerpoort
      - ✓ 14 November 2025 — Laerskool Lynnwood

**2026-VILLIES DAGBOEK ADVERTENSIES**

Die tyd is nou oop om aansoek te doen vir ons 2026-Villies Dagboek advertensies.  Spasie is beperk, so spring vinnig om in kontak te kom met die betrokke persoon.  Sien advertensie op bladsy 13 van hierdie Nuusbrief vir verdere inligting.

**HERHALENDE BOODSKAPPE**

**SKOOLGELD 2026**

Tydens die Begrotingsvergadering, is die voorgestelde begroting vir 2026 goedgekeur en aanvaar deur die ouers bygewoon.

***Die volgende skoolgeldbedrae is van toepassing vir 2026:***

- **Skoolgeld (Graad R)**

| | | |
|---|---|---|
| ✓ 1 Kind | R  1 420.00 p/m | (Januarie – November) |
| ✓ Vir die jaar | R15 620.00 | (R1 420.00 x 11 mnde) |

- **Skoolgeld (Graad 1 – 7)**

| | | |
|---|---|---|
| ✓ 1 Kind | R  1 320.00 p/m | (Januarie – November) |
| ✓ Vir die jaar | R14 520.00 | (R1 320.00 x 11 mnde) |
| ✓ 2 Kinders+ | R  2 640.00 p/m | (Januarie – November) |
| ✓ Vir die jaar | R29 040.00 | (R2 640.00 x 11 mnde) |


- **<u>Naskool (Graad R – 7)</u>**
  - ✓ 1 Kind R 750.00 p/m (Januarie – November)
  - ✓ Vir die jaar R8 250.00 (R750.00 x 11 mnde)

**<u>GRAAD 1-AANLYNREGISTRASIE 2026</u>**

- ✓ Soos reeds genoem het die Departement van Onderwys se sms-proses reeds Donderdag, 16 Oktober 2025 begin en duur tot vandag, 31 Oktober 2025 (23:59).
- ✓ U kan enige dag gedurende hierdie tyd 'n sms vanaf die Departement van Onderwys ontvang rakende die plasing van u kind.
- ✓ Wanneer u by slegs een skool aansoek gedoen het, behoort die sms te sê u kind is suksesvol geplaas by die spesifieke skool en dat u geen verdere aksie hoef te neem nie. *Neem kennis dat u dan geen verdere aksie hoef te neem nie.*
- ✓ Wanneer u by meer as een skool aansoek gedoen het, moet u asseblief na die sms spoedig weer inteken op die Departement van Onderwys se aanlyn webwerf waar u, u kind registreer het en Laerskool Villieria se plasing aanvaar. U het SLEGS ses dae na die ontvangs van u sms, om die plasing te aanvaar op hul stelsel.
- ✓ Indien u nou nog nie 'n sms ontvang het nie, gaan asseblief elke dag een keer in op die Departement se webtuiste om dop te hou.
- ✓ Indien u na vandag, 31 Oktober 2025 nog nie 'n sms vanaf die Departement ontvang het nie, kan u die skool Maandag, 3 November 2025 kontak.

**<u>VILLIES GEBEDSGROEPE</u>**

- **<u>Manne-gebedsgroep</u>**
  Ons nooi elke pa, oupa, oom en voog van Laerskool Villieria om saam met ons te kom bid vir Laerskool Villieria se personeel, ouers, kinders en gemeenskap op Dinsdagoggende (6:45 – 07:15) by Christlife Ministry kerk reg langs die skool in 30ste Laan. *Jy hoef nie spesifiek 'n lidmaat van Christlife kerk te wees nie.* Kom net soos jy is. Al wat dit vat is 'n gehoorsame hart. Vul asseblief hierdie skakel in as jy graag wil deel raak van hierdie groep:
  https://forms.gle/izs5BaVREXmeX6yLA



- **<u>Dames-gebedsgroep</u>**
  "Villies-Ouers-Wat-Bid" nooi elke ouer om saam met ons te kom bid.
  - ✓ Elke Maandag- en Donderdagoggend (7:15 – 7:45).
  - ✓ Om by die gebeds-whatsappgroep aan te sluit, volg hierdie skakel:
    https://chat.whatsapp.com/Drxh2JX2GMXA4z1Z2ieXcq

**<u>OUERTOEGANG TOT DIE SKOOLTERREIN</u>**

Ons vra weer vriendelik vir ouers/voogde se samewerking in hierdie verband ter wille van ons leerders se veiligheid. Toegang kan SLEGS verkry word deur aan te meld by die kantoorhekkie in Ben Swartstraat. Geen persoon sal toegelaat word om die skoolterrein te betree by enige ander ingang nie. Ingang by die kantoorhek is beskikbaar Maandae – Donderdae (07:00 – 14:15) en Vrydae (07:00 – 13:45).

**<u>BROODJIEPROJEK</u>**

Ouers/Voogde wie se kinders tans deel is van ons skool se Broodjieprojek en wéér volgende jaar deel daarvan gaan wees, moet asseblief vir juffrou Karina Otten skriftelik ter verduideliking (rede) in kennis stel daarvan. Dui asseblief ook aan in watter graad en klas u kind tans is. E-posse in hierdie verband kan gestuur word na karinaotten@laerskoolvillieria.co.za

Onthou asseblief dat ons projek slegs vir leerders is wie se ouerhuise dit regtig nie kan bekostig om vir hul kind(ers) 'n broodjie in te pak vir pouse nie.

**SPORT**

- **Villies Netbalakademie**
  Ons is baie opgewonde om Laerskool Villieria se eerste Netbal Akademie bekend te stel. "Goal Line Sports" sal in beheer wees en u is baie welkom om vir me. Joy van Zyl te kontak by 0832927330.

  - Voorlopige oefentye:

| | | |
|---|---|---|
| ✓ Vrydae | Graad 3 – 4 | 13:45 – 14:45 |
| | Graad 5 – 6 | 14:45 – 15:45 |

- **Krieket**
  - **Seuns (o/8 – o/13)**
    *Belangrike Kennisgewing: Verandering in Krieketakademie*
    Ons wil graag alle ouers inlig dat die "Pitch Smashers Cricket Academy" nie meer by ons skool werksaam is nie. Ons verwelkom met opgewondenheid die "Xstreme Xcellence Cricket Academy" as ons nuwe vennoot in krieketontwikkeling.

    Alle toekomstige betalings en kommunikasie rakende krieketaktiwiteite moet nou aan "Xstreme Xcellence Cricket Academy" gerig word.
    E-pos: xxc.villies@gmail.com
    Kontaknommer: 076 151 3153

- **Hekkies / Naellope (Afrigting)**
  Kontak asseblief mevrou Myrtle Grobler by 082 820 1989 vir navrae en meer inligting rakende hekkies en naellope. Afrigting/oefening vind plaas by Hoërskool Oos-Moot.

**MERK VAN SKOOLKLERE**

Ons doen weer 'n baie ernstige beroep op u as ouer/voog om seker te maak u kind(ers) se klere is DUIDELIK gemerk met u kind se naam en van en dat dit DUIDELIK gemerk bly na paar kere deur die was. Maak seker u kind(ers) verstaan die erns van die saak om hul klere en besittings baie mooi op te pas. Hier is te veel verlore klere en goedere weekliks.

**BALKIES**

Die pryse van alle balkies wat deur die leerders aangekoop word, is nou R50 per balkie en nie meer R30 nie. Ons moes ongelukkig die prys verhoog om aan te pas by die nuwe aankoopprys.

**GRAAD R (2026)**

Ons doen 'n beroep op ons huidige ouers/voogde wat ook kinders in groter grade het, wie 'n graad R-kind wil inskryf by ons volgende jaar, om baie spoedig hul aansoekvorms in te gee by ons kantoor.

**VERDAAGTYE**

Graad R- tot 7-leerders se verdaagtye (Maandae tot Vrydae) is as volg:

| | |
|---|---|
| ✓ Graad R – 2 | 13:00 |
| ✓ Graad 3 – 7 | 13:30 |

*(Indien daar 'n verandering aan 'n spesieke dag se verdaagtyd is, sal dit vroegtydig aan u deurgegee word).*

**LAATKOM VAN LEERDERS**

Ons doen 'n vriendelike beroep op alle ouers/voogde om toe te sien dat alle leerders soggens betyds aanmeld by die skool. Die skooldag begin stiptelik 7:28 en dit is belangrik dat alle leerders teen daardie tyd gereed is vir die dag se onderrig.

Wanneer leerders laatkom, mis hulle waardevolle onderrigtyd en ontwrig dit ook die vloei van die onderrig wat reeds begin het vir hul mede-leerders. Deur betyds te wees, help u om goeie roetine en verantwoordelikheid by u kind(ers) te kweek.
Ons waardeer u samewerking en ondersteuning om te verseker dat elke leerder die beste moontlike geleentheid tot sukses het.

**LAERSKOOL VILLIERIA FACEBOOKBLAD**
Toegang tot Laerskool Villieria se Facebookblad is SLEGS vir huidige ouers/voogde van ons skool bedoel. Indien u 'n Facebook "request" op Facebook stuur, maak seker u beantwoord alle vrae volledig asook u kind(ers) se volle naam en van.

**ONDERRIGGELD**
Ek spreek my opregte waardering uit vir u voortdurende ondersteuning aan Laerskool Villieria en vir die waardevolle rol wat u speel in u kind se opvoeding.
Ek wil u ook vriendelik daaraan herinner dat u getroue betaling van skoolgeld 'n belangrike rol speel in die suksesvolle funksionering van u kind se skool. Skoolgeld maak dit moontlik om onder andere:
- ✓ Kwaliteit onderrigmateriaal aan te skaf;
- ✓ Skoolgeboue en fasiliteite in stand te hou;
- ✓ Ekstra-klasse en aktiwiteite aan te bied; en
- ✓ Ons opvoeders te ondersteun in hul onbaatsugtige werk.

**PARKERING**
- **Aflaai- en optel van leerders**
  Ons vra asseblief vriendelik dat u alle padgebruikers, mede-ouers en leerders in ag sal neem tydens af- en oplaai van u kind(ers). Kom ons werk saam as skoolgemeenskap om sover moontlik nie die verkeersvloei rondom die skool te vertraag nie.

- **Omliggende inwoners**
  As waarnemende hoof van Laerskool Villieria, vra ek asseblief elke ouer/voog se volgehoue samewerking met die volgende. Ek het verskeie klagtes ontvang vanaf omliggende inwoners rakende ouers/voogde wat parkering aanbetref tydens af- en oplaai van leerders voor- en na skool, asook tydens byeenkomste en geleenthede by die skool.
  Kan ek van u vra om asseblief nie voor- of gedeeltelik voor mense se ingangshekke te parkeer nie. Mense wat dringend in- en uit hul erf moet ry, word dan verhinder om dit te doen of bemoeilik. Indien 'n inwoner u vra om u voertuig te verwyder vanaf hul eiendom, respekteer dit asseblief en stop elders. Die skool streef nog altyd na 'n goeie gesindheid teenoor ons inwoners.

**LEERDERS – SELFONE EN SELFOONHORLOSIES**
Ons herinner alle ouers/voogde en leerders aan die selfoonreël soos vervat in die Gedragskode en Dissiplinêre Beleid in u kind(ers) se Villies-Dagboek. Ons vra ernstig dat u seker maak u kind(ers) is bewus hiervan aangesien daar gevalle kop uitsteek waar die reëls oortree word.
GEEN selfone of selfoonverwante produkte mag gedurende enige tyd van die skooldag aangeskakel wees of gebruik word nie, wat beteken geen oproepe of boodskappe mag ontvang of gemaak/gestuur word na of vanaf u kind se selfoon nie. Enige kind wat die reëls oortree, se selfoon of selfoonverwante produk sal onmiddelik gekonfiskeer word.
Ons vra u weer vriendelik om hieraan aandag te gee en die erns van die saak onder u kind se aandag te bring.

**VILLIES-KLEREHUB**

Die Villies-klerehub voorsien jou kind 100% van sy/haar skooldrag en Villiesdrag. Ondersteun ons winkel, so maak ons saam 'n verskil. Indien enige navrae rakende klere, krisisse en/of moontlike alternatiewe reëlings, kontak mevrou Corinda Sinden per e-pos by klerewinkel@laerskoolvillieria.co.za

Winkelure (Maandae – Vrydae): 7:00 – 9:00
*(Tensy tye vir 'n spesifieke dag verander, sal dit vroegtydig aan u gekommunikeer word).*

- **Klerebank/Tweedehandse klere**
  Neem kennis dat ons nie meer 'n klerebank het met tweedehandse skoolklere wat daagliks te koop is by ons skool nie. Ons het slegs die Klerehub soos bogenoemde.
  Indien ons skenkings van tweedehandse skoolklere kry, maak ons 'n datum aan u bekend per Nuusbrief wanneer die tweedehandse klere eenmalig uitgesit sal word om te koop vir belangstellende ouers.

**VILLIES-NASKOOLSENTRUM**

*Let wel: In hierdie paragraaf praat ons slegs van ons huidige ingeskrewe Laerskool Villieria naskoolsentrum leerders.*
Ons doen 'n beroep op ons naskoolouers se samewerking met hul naskoolleerders wat aan enige sport deelneem.
Die naskoolproses vir ons sportleerders by ons naskoolsentrum werk as volg:

- ✓ Al die naskoolleerders wat aan sport deelneem, tree na afloop van die sportoefening aan by die naaste boom by die groot hek in Ben Swartstraat aan die binnekant van die sportveld.
- ✓ Die leerders word dan eers by bogenoemde bymekaarkompunt afgemerk voordat hul teruggebring word skoolterrein toe.
- ✓ Tydens wedstryddae sal daar elke 30 minute 'n naskoolpersoneellid by die bome wees om die leerders terug te bring skool toe.

BAIE BELANGRIK: Indien u, u kinder(ers) direk na die sportoefening of wedstryd kom oplaai, vra ons dat u asseblief die naskool in kennis sal stel. Dit sal baie help met die kontrole van die leerders.

**COMMUNICATOR**


Vir ons nuwe ouerhuise, neem kennis dat ons skool gebruik maak van die **blou** d6-Communicator wat op "Slim"fone, sowel as u rekenaar geïnstalleer kan word. Daaglikse gebeure volgens die kalender asook dringende boodskappe word gewoonlik daardeur gekommunikeer.

*Volg die volgende stappe om die "Toep" af te laai:*
Gaan na Google Playstore en soek na die d6-School Communicator.
Gaan na www.school-communicator.com/download.php en volg die instruksies vir installasie op u rekenaar.

**GEDAGTE VIR DIE WEEK**




Villiesgroete



**A.J. GROBLER**
**HOOF**

***SIEN ASSEBLIEF BLADSYE AANGEHEG***


2026
LAERSKOOL
VILLIERIA
DAGBOEK
Adverteer jou
besigheid en help
ons kinders om
'n gratis dagboekie
vir 2026 te ontvang
Daar word 1350
boekies gedruk!
Laerskool Villieria
100 JAAR
1903 - 2003
LOOP WAKKER
A5 (105 x 148) R5500.00 OOP
A6 (105 x 148) R2750.00 OOP
Strip (74 x 148) R1850.00 OOP
Block (70 x 70) R900.00 OOP
Identity Signs & Graphics
Help GRATIS met
KUNSWERK!!!
Dis weer tyd vir die skool se dagboek!
Navrae kontak asb vir Zoe
079 407 5863/zoe@idsigange.co.za

# TOY FAIR Pretoria

DIECAST COLLECTION

## 1 NOV '25

1221 LAWSON AVENUE
WAVERLEY.

Time: 9:00 - 14:30

Place: ABREU'S

Toy-Toy

INFO: 067 760 3294

M2 Machines · Hot Wheels · Abreu's Coffee Roastery · Matchbox · Mini GT · Micro Machines · Greenlight Collectibles

# New Coffee Trailer @ Valley Methodist Church in the parking lot.
# Come support them. They will be here Monday – Friday at the church.

Robin Chat

est | coffee + leather | 2022



# MENU

## HOT DRINKS

| | SML | LRG |
|---|---|---|
| ESPRESSO | R25 | |
| AMERICANO | R30 | R35 |
| CORTADO | R35 | |
| CAPPUCCINO | R35 | R40 |
| FLAT WHITE | R40 | |
| HOT CHOCOLATE | | R45 |
| WHITE HOT CHOCOLATE | | R45 |
| CHAI LATTE | | R45 |
| RED CAPPUCCINO | | R45 |
| ROOIBOS TEA | | R20 |

## COLD DRINKS

| | SML | LRG |
|---|---|---|
| WATER (STILL, SPARKLING) | | R15 |
| FREEZO (ESPRESSO, SYRUP, MILK, CRUSHED ICE) | | R45 |
| SODA | | R20 |
| ICED LATTE (ESPRESSO, ICE CUBES, MILK) | | R35 |

## EXTRA

| | SML | LRG |
|---|---|---|
| MILK ALTERNATIVE (ALMOND) | | R10 |
| SYRUPS (VANILLA, CARAMEL, HAZELNUT) | | R10 |
| EXTRA EXPRESSO SHOT | | R10 |


Kontak:
Charlene @ 082 565 5362
Gerrit @ 073 249 6311
Dinsdae
06:45 - 07:15
LAERSKOOL VILLIERIA
MANNE GEBEDSGROEP
Begin 29 Julie
573, 30stelaan, Kerkgebou
100 JAAR


GOAL LINE NETBALL ACADEMY
PRESENTS
EXTRA NETBALL TRAINING
SPACES ARE LIMITED - SIGN UP NOW!
FRIDAYS
GRADE 3-5, 13:45-14:45
GRADE 6-7, 14:45-15:45
R650 PER TERM
INCLUDES 7 SESSIONS A TERM
AND 2 ACTION NETBALL MATCHES
GOAL LINE
SPORTS
FOR MORE INFORMATION:
Contact Joy van Zyl
083 292 7330